# Waar Soek ons Genesing?

Op hierdie vraag kan verskillende antwoorde gegee word. Ons wil aan 'n aantal aandag skenk, sonder om daarmee volledig te probeer wees. Want in wese is dit 'n reusagtige gebied. Vandaar dat slegs enkele hooflyne aan die orde kan kom.



## Dokter toe

Daar is lidmate van Christelike gemeentes wat sodra hulle siek voel, direk na medisyne gryp sonder om eers na God toe te gaan. Hulle vertrou sonder meer op daardie middels. Asof die middels op sigself genesing sou bewerk. Dat hieroor vanuit sekere kerkgroeperings ernstige besware gemaak word, is nie net te verstane nie, maar dit is ook tereg.

Ons sal terdeë moet besef dat die beste middels sonder die seën van die Here nie kan werk nie. Ons raak nie 'gesond' daarvan nie, al voel ons 'beter'.

Ons sal terdeë moet besef dat die beste middels sonder die seën van die Here nie kan werk nie. Ons raak nie 'gesond' daarvan nie, al voel ons 'beter'.

Ons mag en moet middels gebruik, al is sommige middels erger as die kwaal. Daar is ook middels wat ons as Christene tereg moet afwys uit besorgdheid oor ons liggaam as tempel van die Heilige Gees. Soms sal ons sonder middels gouer beter word indien ons dit eers aan die Here voorlê in ons gebed. Wat in Psalm 127:1 staan, is ook hier van toepassing:

*"As die Here die huis nie bou nie, tevergeefs werk die wat daaraan bou."*

Ons besoek die dokter, die spesialis en almal wat sorg dra vir ons gesondheid. Ons mag die Here dankbaar daarvoor wees dat so baie mense op verantwoordelike wyse gehelp kan word. Soos wat ons hulle al hoe meer inskakel, sal ons des te meer moet bid vir wysheid vir al die mense by wie ons opeindig. Hulle kan ons nie genesing skenk nie, maar hulle kan wel 'n middel in God se hand wees. Juis as ons siek is, kan ons so vinnig val in die sonde teen die eerste gebod. Ons het dan iets of iemand waarop ons ons vertroue stel. Hierdie gevaar is beslis nie denkbeeldig nie. Soms moet 'n mens op 'n harde manier leer om van mense af te sien en alleen op die Here te vertrou, Psalm 118:8 en Psalm 146.

## Ander geneeswyses



Is die sogenaamde alternatiewe geneeswyses 'n gevaar of 'n aanwins? Sonder om op al die moontlike vrae in hierdie verband in te gaan, is dit nodig om 'n paar opmerkings te maak wat ons rigting kan gee en ons sal leer onderskei waaroor dit gaan.

Naas die gewone geneeswyse, wat meer as eens daarteenoor staan, sien ons die vinnige ontwikkeling van homeopatie en veral van allerhande aanverwante sake. Ons sou moontlik te naïef kon wees wanneer ons met alternatiewe geneeswyse te doen kry. In 'n vorige artikel het ek al op die bundel '*Dag dokter*' gewys. Hierdie uitgawe handel oor hierdie wyse van geneeskunde. Ons lees in 'n inleidende woord: *'Maar die natuurgeneeswyse, akupunktuur, paranormale geneeswyse, ens., mag tot nou toe miskien die stiefkinders van die mediese wetenskap wees,*

*maar hulle sal seker van groter betekenis word, omdat hulle 'n alternatief bied teenoor die universiteitsgeneeskunde, waarvan die eensydigheid steeds meer tot ons deurdring.*'



Hulle laat weet ons dan ook wat hulle daarteenoor stel. Daar is gekies vir en bekendheid gegee aan '*'n aantal vorms van terapie, diagnose en geneeswyse, wat vanuit 'n heel spesifieke mensbeeld oor gesondheid en siekte dink.*'

As ons vra watter beeld, dan hoor ons: die mens lewe as mikrokosmos in harmonie met 'n makrokosmos! Daarmee stel hulle onomwonde dat die mens nie die beeld van God is nie, maar in wese deel van die hemelliggame.

Geen wonder dat hulle ontspoor nie.

## Gevare

Onwetend kan ons in tye van siekte by mense uitkom wat een of ander verbondenheid met spiritisme of okkultisme het. Daar is mense wat daarvoor geval het en later tot hul skade agterkom waarin hulle beland het. Dan is hulle wel op 'n bepaalde manier 'genees', maar hulle het nie beter daarvan geword nie. Inteendeel.

Iemand wat van alle kante moes aanhoor dat sy 'n heldersiende moet gaan sien, toe die oorsaak van haar erge pyn nie opgespoor kon word nie, het gesê: 'ek is liewer siek met die Here as beter sonder Hom.'

Ek is liewer siek MET die Here as beter SONDER Hom.

Die Here sit nie sonder rede waarskuwingstekens langs ons pad nie. Dit sou dwaas wees om nie ag daarop te slaan nie. Want dit is wel so dat die duiwel goddelike genesing naboots en mense êrens heil laat soek wat uiteindelik maar net onheil teweegbring.

Vandaar dat ons ook by siekte moet vra: wat is dit, Here, wat U wil hê ons moet doen? Dit hou terselfdertyd ook in dat ons moet let op die weë wat die Here ons in sy Woord voorhou. Dit is van groot belang dat ons kyk na die agtergronde waar vanuit gewerk word, hoe hulle die mens sien en watter opvattings hulle daarop nahou as dit gaan oor siekte en gesondheid.

So bly die vraag steeds: leer my U weg!

J van Amstel

© 2016
www.christelikemedia.org

*Hierdie artikel is deur Louise Haak vertaal.*